Zim kry weer pak slae by SAOG oor grondvergrype

Die Zimbabwiese regering het gister in Windhoek wéér slae gekry by 'n tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) oor sy grondvergrype.

'n Groep Zimbabwiese boere was suksesvol in hul minagtingsaansoek teen die Zimbabwiese regering, wat hom nie aan beslissings van die tribunaal in 2008 en verlede jaar gesteur het nie.

Die tribunaal het ook gelas die Zimbabwiese regering moet die hofkoste betaal.

Grondvergrype in Zimbabwe neem weer toe.

Die groep boere, wat individue, die Commercial Farmers' Union en die Southern African Commercial Farmers' Alliance-Zimbabwe ingesluit het, is gesteun deur die Suid-Afrikaanse burgerregteorganisasie AfriForum omdat van die boere Suid-Afrikaners is.

Adv. Jeremy Gauntlett SC het vir die aansoekers opgetree. Die Zimbabwiese regering is nie in die hof verteenwoordig nie en dié land se hooggeregshof het vroeër geweier om die tribunaal se beslissing te registreer.

Mnr. Michael Campbell, een van die boere, is al ernstig aangerand en sy plaashuis afgebrand.

Mnr. Willie Spies, regsverteenwoordiger van AfriForum, het gesê die Zimbabwiese regering het verlede week in die hooggeregshof in Pretoria 'n dringende aansoek teen Campbell en mnre. Louis Fick en Richard Etheredge ingedien.

Dit kom nadat dié drie boere 'n hofbevel verkry het dat daar op eiendom van die Zimbabwiese regering in Kaapstad beslag gelê word.

Die Zimbabwiese regering wil nou keer dat dié eiendom verkoop word.

Die saak sal op 3 Augustus aangehoor word.

– Sarel van der Walt